# *Julie Nuusbrief/July Newsletter*

*Die jaar vlieg verby en ons is nou in die hartjie van die winter. Dit is juis die tyd van die jaar waar jou liefde vir boerdery en jou beeste getoets word, die vaal gras, die min kos, die brandgevaar, die bietjie meer hare aan jou beeste ens.*

## *Otto Schmitt*

We are very sad that Otto Schmitt passed away in the past month. Otto was one of the pioneers Nguni in Limpopo and later moved to the Freestate. He was the owner of Vemvane Nguni Stud which breeds with Makatini's. Otto welcomed the Zulu king during our Highveld auction on behalf Klub. We will miss him and our thoughts are with his family.



## *Hoeveld Nguni bulprojek veiling*

Die Hoeveld Nguni bulprojek se veiling het plaas gevind op die **1ste Junie 2013** by Potchefstroom Landbou Kollege. Die bulle het goeie pryse behaal, maar daar was nie 'n goeie vraag na vroulike diere nie. Die vraag na vroulike diere is huidiglik oor die algemeen swak as gevolg van swak weiding in groot gedeeltes van ons streek.

Die bulle wat besig is met die toets is op die 28ste Mei minder gemaak, die bulle met foute is uitgehaal. Die kwaliteit van die bulle wat nog in die toets is, is baie hoog. Die projek toon baie goeie potensiaal met baie goeie bulle wat aan die mark vrygestel kan word.

## *Artikel in die Farmers Weekly*

Een van ons lede, Izak du Plessis, het 'n baie intressante artikel in die Farmers Weekly geskryf. Die artikel gaan oor droogte bestuur en is baie relevant vir huidige toestande. Ons sal artikel aan almal aanstuur sodra ons toestemming het.

## *Hoeveld Nguni Kursus te Potchefstroom Landbou Kollege*

Die kusus het plaas gevind op die 29ste en 30ste Mei by die Lanbou Kollege in Potchefstroom. 200 Mense het die kursus bygewoon en dit was ‘n reuse sukses! Daar was waardevolle besprekings en die tema “Natural Nguni Beef Production” het sterk na vore gekom. Ons dank aan Dr Chris de Bouwer en Herman Nel vir al hulle harde werk wat dit moontlik gemaak het.

## *Nguni voerkraal projek*

Daar is ‘n intressante voerkraal pojek wat gaan fokus op Nguni beeste wat besig is om af te skop in die Douglas omgewing. Sodra al die inligting beskikbaar is, sal ek dit aan al die lede aanstuur.

## *Nguni vleis smaak projek*

Die “Local Grill” resturant in Johannesburg het ‘n vleis proe projek wat elke maand ‘n ander ras se vleis beoordeel. Die maand van Julie was die Nguni se beurt. Die geleentheid is deur 70 mense bygewoon, en almal was baie beindruk met die Nguni vleis. Kyk uit in die landbou weekblad vir die resultate van die beoordeling. Ons weet dat Nguni vleis van hoogstaande gehalte is, en die resultate van die onafhanklike beoordeeling op die dag het het dit weer bewys. 5 Verskillende disse van verskillende snitte is getoets.

Herman Nel het ook ‘n baie intrestante praatjie gelewer oor die ras en daar was baie belangstelling in ons ras na die praatjie.

## *Nguni’s te koop*

Laat weet gerus vir Kelpie by kelpie.oost@gmail.com as jy enige beeste of produkte het wat jy te koop wil aanbied of as jy opsoek is na beeste.